

3 Oktober - SALOMO

Skrif- en Fokusgedeelte: 2 Samuel 12: 21-25

Salomo se naam beteken “die Vader is Vrede”. Dawid het inderdaad baie rede gehad om met die kind se naam jubelend te getuig van die Here se genade. Wat met Dawid gebeur het voor Salomo se geboorte, praat van groot genade. Dawid moes ’n hartseer pad loop, maar dis ’n liefdevolle Here wat hom die pad laat loop het.

Salomo is gebore ’n ruk nadat die groot skaduwee van Dawid se ower spel met Batseba oor sy lewe geval het. Daarna het hy ook nog haar man Uria laat vermoor. Hy probeer toe sy sonde met haar verberg. Die profeet Natan het Dawid egter kom vermaan oor sy verskriklike oortreding.

Deur God se genade het Dawid daarna bitter berou betoon oor sy sonde. Sy seuntjie is nogtans daarna oorlede. Omdat die kindjie uit Dawid en Batseba se ontug gebore is, was dit deel van die Here se straf oor hulle.

Na die dood van die kindjie is Dawid seker wettig met Batseba getroud, want voortaan word sy “sy vrou” genoem in die Bybel. Toe sy weer swanger word, is nog ’n seuntjie vir hulle gebore. Met hierdie seun se naam het Dawid, en seker ook Batseba, getuig van die groot genade wat daar by die Here is vir hulle wat opreg hulle sonde bely. Daar is weer volle vrede tussen Dawid en sy Vader.

’n Tweede naam, Jedidja (wat beteken “Die Here het hom lief”), is waarskynlik later deur Natan aan Salomo gegee om te bevestig dat die Here op ’n besondere wyse as liefdevolle Vader met Salomo was.

Laat ons elke keer as ons die naam *Salomo* hoor, onthou dat Dawid die naam gekies het om daarmee vir almal te sê: As jy – oor watter sonde ook al – opregte berou betuig, kan jy daarop reken dat die Here vergewe. Juis daarvoor het Jesus na ons sondige aarde gekom.

Sing: Psalm 51: 8 (1936-beryming)

Ds KAJ van Rensburg (Paarl)